CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

CLF Nuus News

The Message of the Bible to all through free and affordable literature in everyone's language

Privaatsak X19 Wellington 7654 • 021 873 6964 • info@clf.co.za • www.clf.co.za 3/2019

Net voor die droogte (my) breek binnekort beskikbaar

Wanneer dié nuusbrief in jou hand is, is die stories van Anoeschka von Meck, wat sy by boere wat deur die knellende droogte geteister word, besig om nes te skop in die blaaie van die boek, *Net voor die droogte my breek*. Finale afronding van dié publikasie is besig om te gebeur en voor die einde van die jaar sal dit by CLF beskikbaar wees.

Dit is in dié boek waar jy sal lees van 'n swaarkry in ons land waarvan min die werklike omvang verstaan ... veral die wat knus deur die gerief van dienste in stede omvou word ...

Maar reis jy net 'n paar uur in amper enige rigting van hierdie stede waar water in jou naaste kraan is en jou middagete gerieflik op die naaste winkelrak wag, is dit soos 'n ander wêreld ... die verwoestende droogte wat mens en dier op hulle knieë het ... stukkend, gebreek, letterlik sterwend, onmenslike verhale van verliese, sterwende diere, boere wat opgee, oppak, oorgee aan die loop van 'n vuurwapen, die lus van 'n tou …

Maar, hier vind jy ook verhale van hoop ... mense wat in 'n gebroke wêreld opnuut uitreik na mekaar, konvooie voer wat aangery word van dele wat wel goeie reëns gehad het, iemand wat R10 afknyp om 'n droogtehulpfonds te ondersteun – want vele tien rande maak dat daar brandstof is vir 'n vragmotor om 'n vrag geskenkte voer weg te neem.

Dit is hierdie verhale wat Anoeschka gaan haal het op haar reis en oorvertel.

Een goeie "reënval" breek nie die droogte nie … dit is 'n daaglikse stryd van veg, val, opstaan.

*Lees ook in die September-Sarie die artikel oor Anoeschka se

reis van 12 500km om die stories van droogte neer te pen.

Net voor die droogte my breek word later vanjaar bekendgestel. Meer inligting op CLF se webtuiste.

Nuwe Kinderbybels word tot Bybelprojek toegevoeg

Aan die einde van Julie het die CLF Bybelprojek 97 480 kinders met hul eie Bybel geseën sedert die ontstaan van die "Een miljoen Bybels aan een miljoen kinders" projek.

Ons is so naby aan die 100 000 merk en is dit ons droom om daardie doelwit teen die einde van die jaar te bereik.

Ons het nuwe Kinderbybels tot ons Bybelprojek toegevoeg om 'n groter verskeidenheid beskikbaar te stel om aan elke ouderdomsgroep se behoefte te kan voorsien.

Koop 'n Bybel vir u eie kind of kleinkind en skenk 'n Bybel aan 'n kind in u gemeenskap!

Donasies kan gemaak word aan CLF Fonds met verwysing "1MB" of deur die skarefinansierings-veldtog wat ons vir ons 13-jarige ambassadeur in KZN, Shania-Lee, geskep het – https://gogetfunding.com/help-shania-lee-bless-children-with-bibles/

CLF Fonds
ABSA Bank
47 01 88 502





Uit die pen van die redakteur

Demensie is ’n sambreelterm vir ’n groot aantal siektetoestande. Kenners reken dat ongeveer 5–7 persent van ons ouerwordende gemeenskap deur die toestand geraak word. Wêreldwyd het 35,6 miljoen mense die siekte.

Ons het dit goed gedink om ’n kenner te vra om vir ons ’n pamflet hieroor te skryf. Die pamflet gee die feite en help op hierdie manier mense na aan die pasiënt om vir haar of hom te sorg.

Wanneer ons oor demensie praat, word Alzheimer se siekte normaalweg in dieselfde asem genoem. Die rede hiervoor is dat Alzheimer se siekte die bekendste demensietoestand van ’n lang lys siektetoestande is wat onder die versamelnaam “Demensie” genoem word.

Projeksies raam dat teen 2030 die getal mense wat aan die toestand sal ly tot 65,7 miljoen sal styg en in 2050 tot 115,4 miljoen sal styg. Die hoogste voorkoms is by die ouderdomsgroep 85 en ouer. Daar is egter ook demensietoestande wat reeds in die middel- tot laat vyftigerjare by pasiënte voorkom.

’n Baie algemene en breë definisie van demensie omskryf dit as ’n toestand wat ’n persoon se geheue en verstandelike vermoë sodanig inperk, dat dit die persoon se sosiale en of beroepsfunksionering negatief beïnvloed. Dit is ’n siekte wat nie genees kan word nie, maar goedgekeurde medikasie kan egter tog help om die progressie van die siekte te vertraag. Mense met demensie kan nietemin ’n lang en betekenisvolle lewe leef.

’n Afgetrede predikant vertel hoe sy vrou op haar sestigste verjaarsdagpartytjie vreemd begin optree het. Sy kon sekere take wat sy altyd kon doen, nie meer uitvoer nie. Haar beplanning het al hoe meer agteruitgegaan. Sy kon nie meer ’n spyskaart saamstel nie. Eendag het sy byna die kombuis aan die brand gesteek. Alhoewel sy nie Alzheimer se siekte het nie, toon sy dieselfde simptome. Sy moet 24 uur per dag versorg word. Hy sê hy kan nooit sy waaksaamheid verslap en haar alleen laat nie.

Demensie ontneem die persoon van baie menslike vermoëns. Die verlies van geheue, begrip van tyd en plek, spraak en beweging, laat die persoon met demensie in ’n eie wêreld en belewenis. Die hoop en troos is egter dat as ’n kind van die Here sy of haar geheue verloor, die gelowige altyd in die geheue van God bly.

“Demensie – jou grootste bedreiging tot lewensbetekenis” is ’n waardevolle stuk. Dit is by CLF beskikbaar. En beslis iets wat ’n mens by aftree-oorde, tehuise en dokterspreekkamers kan laat.

Danny Fourie
Redakteur: CLF

CLF SAAI GOEIE SAAD!

“Thank you, Sir! Good news of God’s love in my own language! But, can I also get a Bible, please?” Dit was die reaksie van ’n paar van die baie mense vir wie ek tydens ons toer in Afrika van CLF se kleurvolle pamflette uitgedeel het.

My hart het telkens warm geklop by die aanskoue van die mense in Botswana, Caprivi en Zimbabwe se behoefte aan Evangeliese leesstof. Ons probeer elke keer wanneer ons op reis gaan, van CLF se **pamflette uitdeel**. En die reaksie is telkens dieselfde: gretige aanvaarding, breë glimlag, stralende oë.

Die Here self sal sekerlik op die regte tyd die goeie saad laat ontkiem en laat groei. Solank ons aanhou saai!

En dan bid ek: “Here, dankie vir die visie van gelowiges wat meer as 60 jaar gelede hierdie werk begin het”. Hulle mikpunt vir ’n fonds van 3 miljoen pond (in vandag se terme aansienlik meer as R100 miljoen) was verbeeldingryk. Dit het mense van oor ons hele land saamgesnoer om ’n droom te verwesenlik.

Die fonds is vandag nog nie naby daardie mikpunt nie, maar hy groei en die goeie werk gaan voort!

Iets wat ek ook baie betekenisvol vind, is die CLF boekies wat ons tydens toere vir **groep-stiltetyd** gebruik. Vanjaar was dit met die boekie: ***God hou jou in sy hand vas***, met 14 onderwerpe soos …Wanneer jy wysheid kortkom, vrede nodig het, ensovoorts, wat uit die Woord belig word.

Voor die toer het dit my genoop om weer ’n slag na CLF se **Pamflet-katalogus** te kyk. Wat ’n kosbare skat van die Bybel se toepassing op alle fasette van die lewe, en in al die tale van Suider-Afrika, en boonop gratis beskikbaar!

Daar is pamflette oor feitlik elke denkbare kwessie of saak. Selfs onderwerpe wat op ’n eenvoudige en verstaanbare manier leer van maandelikse **begroting** en geldspaar wenke. Werkgewers kan gerus hul werknemers hieraan bekendstel.

Wat ek nie besef het nie, is dat al die pamflette ook op my **selfoon beskikbaar** is. Op die CLF-toepassing (App) kry jy die katalogus én die elektroniese weergawes.

Maar meer as dit is op die App beskikbaar: Oordenkings, daaglikse inspirasie, interessante inskrywings, Bybelstories vir kinders, ens.

My **Afrikaanse hart** het gewonder oor die gebruik van Engels op CLF se elektroniese kommunikasie. Maar toe besef ek: die mense vir wie CLF se boodskap bedoel is, verstaan almal, benewens hulle moedertaal, ook Engels. En so oortuig Paulus vir my in 1 Kor 9:22:

"Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red"! Daar leer ek om, al is CLF in Afrikaans gebore, Engels te aanvaar as CLF se uitreik medium.

En so deur alles, bly my hart warm klop. Die bydraes wat ek vir die Here se werk deur CLF gee, is oor en oor die moeite werd. Die Evangelie word uitgedra. Die goeie saad word gesaai ... My beleggings het ewigheidswaarde!

En 'n **bemaking in my testament** kan my nalatenskap laat vermenigvuldig. Deur 'n bemaking kan ek selfs meer vir die Here se werk gee, want dan hoef ek nie meer geld voor my heengaan te bêre vir 'n lang siekbed of operasie nie, of vir iets anders onvoorsiens wat kan gebeur nie. Soos Jesus gesê het: "Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar…."

Dankie CLF. Julle doen uitstekende werk vir die Here. Julle pas aan by die moderne tye. Julle laat my getuienis naby en vér op goeie grond val!

Francois Cillié, CLF-beheerraadslid

The Reformed Family Forum (RFF) AGM held in Wellington

The Reformed Family Forum consists of representatives, the general secretaries, of all the churches that originated from the Dutch Reformed Church in South Africa since the 19th century. The general secretaries of the Dutch Reformed Church family in Africa held their first RFF meeting in 2015 and, since then, have come together once a year in one of the member-countries.

Not only does this event strengthen our collective memory as a church family, it also provides a valuable platform where we can share our challenges and success stories with one another every year. Our sister churches in Swaziland, Botswana, Zimbabwe, Zambia, Malawi, Mozambique, Kenya and Nigeria have developed and grown since the 19th century, thanks to the missional drive of missionaries from the Dutch Reformed Church, and now form part of the Reformed Family Forum (together with the DRC, URCSA in South Africa and Namibia).

This year the RRF AGM was held from 2–4 August at the Andrew Murray Centre for Spirituality in Wellington and CLF was again privileged to be in attendance.

The first day was a very special and significant day when each of the 15 churches represented planted a tree to celebrate their unity in Christ.

The second day started with prayer and reflection in the chapel followed by a session on the challenges the general secretaries face in their countries. The second session held discussions with youth ministers on the future of the church – truly great conversations and perspectives!

It was CLF's honour to host the Reformed Family Forum at our office in Wellington on Sunday 4 August. A short video on CLF led the introduction where after we spoke about our website's online store and the CLF App. The delegation then had the opportunity to walk through our store, browse through the publications and buy books. The RFF makes it possible for CLF to strengthen relationships with each of the churches and support their ministries with valuable literature, now and in the future!

Above: Representatives from the RFF celebrating their unity in Christ during the planting of trees ceremony Right: Akash Sirpal, representative of the RCA (Reformed Church in Africa) standing next to their church's planted tree

Pamphlets become video

In 2017 Forbes reported that video is more captivating than text! Viewers are 95% more likely to remember a call to action after watching a video, compared to 10% when reading it in text format.

Not only is a video a great tool for learning, but it's also very easy to consume. With the busy lifestyle that many young adults are becoming accustomed to, videos provide them with an easy and comfortable way to digest and retain information.

The demand for video content is increasing and more organisations, even CLF, realise that video is a powerful marketing tool.

CLF has therefore developed its first pamphlet related video – Stand up against bullying – based on the three Bully pamphlets for children.

Henry (alias) was the school bully – the result of war, growing up in hostel and always having to fight for himself. Today he realises that none of those things were excuses for his behavior and that he could've done things differently if only he had support, and not rejection.

The video and pamphlets talk about:

What is a bully? How do we help children to stand up against bullying? What must they do to not make themselves vulnerable or what can they learn about themselves about displaying bullying behaviour?

Contact CLF to use this Bully video, supported by our free Bully pamphlets, in your school, at church, youth ministry or even in your circle of friends and family.

info@clf.co.za (021) 873 6964

You can also watch the video on YouTube – https://youtu.be/17MizbA71os

Nuwe pamflette by Christelike Lektuurfonds

By CLF word deurentyd pamflette oor relevante kwessies deur kenners op elke gebied ontwikkel.

Die jongste toevoegings en hersienings, is nou beskikbaar.

Die Ramp-up organisasie wat hulle beywer om kerke meer besoekersvriendelik te maak vir mense met gestremdhede, het hulle handige pamflet hersien. Vir mense wat nie elke dag hierdie uitdagings in die gesig staar nie, is die eenvoudigste aksies dalk van die mees uitdagende vir diegene met gestremdhede. Een bejaarde laat weet dat sy van kerk verander het, omdat die kerk waarheen sy gegaan het, nie 'n rolstoeloprit gehad het, waar dit vir haar makliker is om op te loop. Sy het dus 'n kerk gesoek wat wel so 'n oprit het, en dit is waarheen sy nou gaan. Lees meer in *Are people with disabilities at home in the church?* Wat jy en jou gemeente kan doen om almal welkom en ingesluit te laat voel.

In *Nuwe hoop na egskeiding* skryf Siegfried Louw dat egskeiding tweede op die lys is van die mees stresvolle goed wat in jou lewe kan gebeur. Hy gee sewe stappe om te neem oppad na die nuwe hoofstuk in jou lewe.

Twee pamflette deur dr Petrus Moolman verduidelik meer oor die alleenpad van *Demensie* en *Alzheimers*. Dit verduidelik wat elkeen van die toestande behels en gee handige wenke vir diegene wat direk en indirek daardeur geraak word.

Die pamflette is nou beskikbaar by CLF en kan bestel word by order@clf.co.za of 021 873 6964.

National Wills Week: 16-20 September 2019

Death is a reality that cannot be wished away or ignored

A will begins with the question "What do I want to do with what I have built up throughout my life?" By making a will you ensure that your assets are disposed of in accordance with your wishes after your death. This privilege is called "freedom of testation".

Why should an attorney draft your will?

Do not try to save money by compiling a will yourself, or too simply. Ask a lawyer or professional person at your bank to compile it for you – this saves a lot of money, time and additional pain for those who are left behind when you die.

Attorneys are professionals qualified in law. An attorney can advise you on any problem which may arise with regard to your will. An attorney has the necessary knowledge and expertise to ensure that your will is valid and complies with your wishes. Often a will is not valid because the person who drafts it does not have the necessary legal knowledge to ensure that the requirements of the law are met.

What happens to your estate if you die without a valid will?

If you die without leaving a valid will, your assets will be distributed according to the provisions of the Intestate Succession Act. The provisions of this Act are generally fair and ensure that your possessions are transferred to your spouse and children. BUT, the following problems may arise if you die without leaving a will:

Your assets may not be left to the person of your choice.

It can take a long time to have an executor appointed. The executor who is appointed may be somebody you may not have chosen yourself.

There can be extra and unnecessary costs.

There can be unhappiness and conflict among members of your family because there are no clear instructions on how to distribute your assets.

https://www.lssa.org.za/our-initiatives/advocacy/national-wills-week/western-cape-attorneys-participating-in-wills-week-2019

Give a gift that keeps on giving for the work of God's kingdom!

For over 62 years, the Christian Literature Fund has been taking the message of the Bible to people - a message of hope, love and salvation – through free and affordable literature.

Consider a gift that will help us continue with our mission – to make God's glorious name known to the world!

Your bequest (testamentary bequest) can make a difference to the amount of people who will hear about the love of God for the first time, in their own language!

Contact us at 021 873 6964 for assistance or more information.

Waardevolle vennootskap met CABSA

Die CLF Vigs Trust het in Junie 'n amptelike ooreenkoms met CABSA, die Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika, onderteken waarin ons onderneem om die verhouding en samewerking met CABSA te versterk.

Die CLF Vigs Trust en CABSA gaan deurlopend geleenthede soek om saam te werk en het reeds die volgende projekte geïdentifiseer – HIV plaasprojek; Gesondheidsdae en; Ontwikkel en druk van opleidingsmateriaal.

CLF het onlangs 'n befondsingsversoek na donateurs en maatskappye gestuur om dit vir ons moontlik te maak om die beoogde HIV/VIGS opleidingsmateriaal gratis aan CABSA te lewer.

Indien u 'n bydrae wil maak, kontak gerus vir Ina Willemse by (021) 873 7134 of maak 'n direkte betaling in die CLF Vigs Trust, ABSA Bank, Rekening nommer 40 5555 8767

Die CLF Vigs Trust is 'n goedgekeurde Artikel 18A organisasie, wat vir u as donateur belastingvoordelig is.

Fondswerwing inisiatiewe

Die uitdaging om nuwe bronne van inkomste vir CLF, die Christelike Lektuurfonds, te vind buiten ons lojale donateurs, is in vandag se ekonomiese landskap, nog moeiliker.

Die Christelike Lektuurfonds (CLF) het gedurende die afgelope jaar verskeie fondswerwing inisiatiewe ondersoek om CLF se volhoubaarheid te bevorder.

U ondersteuning stel CLF in staat om voort te gaan om die Boodskap van die Bybel deur gratis en bekostigbare literatuur aan mense te bring, in hulle eie taal.

CLF se innoverende debietorderprogram

CLF werk saam met die Helpcor Trust, 'n NPO wie se uitsluitlike doel dit is om fondse in te samel en te voorsien aan NGO's/NPO's. CLF het daarom as 'n begunstigde by die Helpcor Trust geregistreer. Die Helpcor Trust / ENGO Vrystaat is ook 'n goedgekeurde Artikel 18A organisasie, wat vir u as donateur belastingvoordelig is.

Ons nooi u hiermee uit om deel te word van die oplossing

Enige individu of instansie kan 'n bydrae lewer deur 'n debietordervorm te teken en dan ook ander te inspireer om betrokke te raak by die werwing van fondse vir die Christelike Lektuurfonds.

Vir elke debietorder wat u werf kry u 'n kontant-terug-bonus, gebaseer op die maandelikse debietorderbedrag, om dankie te sê.

Die fondswerwer sal ook elke jaar 'n IT3 sertifikaat ontvang vir inkomste-belastingdoeleindes.

"Ja, Ek wil betrokke raak by die gedifferensiëerde debiet-orderprogram"

Kontak Ina Willemse by 021 873 7134 of stuur 'n e-pos aan ina@clf.co.za.

Ons stuur so spoedig moontlik die brosjure, wat die nuwe debietordervorm insluit, aan u tesame met 'n kort video wat die debietorderprogram verduidelik.

50 000 pamflette in 4 provinsies versprei

Vanaf Mei 2019 het CLF maandeliks pamflette in verskillende provinsies versprei en spesifiek gefokus op areas met informele nedersettings.

Xhosa pamflette is by huishoudings in Khayelitsha, Nyanga en Blue Downs in die Wes-Kaap, sowel as in Walmer, Korsten, Kwazakhele, New Brighton, Zwide en Somerset East in Port Elizabeth versprei.

Sotho pamflette is weer aan huishoudings in Navalsig, Hilton, Bayswater, Pellissier, Hospitaal-park, Bloemanda en Batho in Bloemfontein gegee.

Zulu en Tswana pamflette is by huishoudings in Pretoria sowel as by huishoudings in Katlehong, Germiston en Kwa-Temba, Springs se informele nedersettings uitgedeel.

Elke pakkie wat uitgedeel was, het pamflette oor evangelisasie of geestelike groei, 'n sosiale kwessie en 'n onderwerp vir kinders ingesluit.

Ons gebed is dat die saad op vrugbare grond sal val en dat mense, deur hierdie literatuur geseën sal word.

CLF se gratis pamflette, in verskeie tale, is aanlyn beskikbaar of stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za of skakel (021) 973 6964.

CLF het ook 'n skarefinansierings-veldtog "The unusual missionary" wat vanuit enige plek in die wêreld ondersteun kan word. Stuur hierdie skakel dus gerus aan u familie of vriende wat oorsee woon – https://gogetfunding.com/the-unusual-missionary/



CLF, amongst many other welfare and non-profit organisations, are under tremendous pressure to find the funds to continue with the work we do, specifically the development and distribution of free Christian literature to all.
You are part of our solution!

How do you ask? Live intentional!
Make a difference every time you fill up with Shell! With every litre of Diesel and Petrol purchase at participating Shell service stations, CLF will benefit!

The Shell T-card, an initiative of Card4Change in partnership with Shell, is the only card that automatically donates to your charity of choice. CLF is a registered charity/ beneficiary with the Card4Change initiative and your contribution will empower CLF to continue with our mission of taking the Message of the Bible to all through free literature.

Make a difference
Take a few minutes to complete the inserted application form and register for the Shell T-card. Email it to us, or include it in your envelope. CLF as charity/beneficiary will be linked to your Shell T-card, which can be used at any participating Shell service stations nationwide.
For every litre Diesel you purchase, CLF will receive 20c and for every litre Petrol you purchase, CLF will receive 10c.

An easy way to make a difference without any additional expense!
For more information, contact Ina Willemse on (021) 873 7134 or email ina@clf.co.za

DIE JAARLIKSE OUDIT OP DIE rekeningkundige rekords van die Christelike Lektuurfonds is hierdie jaar in Augustus afgehandel. Verlede jaar het die ouditeure genoem dat hulle opgewonde is oor die nuwe, meer gesofistikeerde rekenaarstelsel wat CLF implementeer het, en dat hulle uitsien na die 2019 oudit. Dit was inderdaad die geval, en kon hulle met min moeite meer inligting sinvol onttrek, wat die ouditproses wesenlik vergemaklik het. Die kostes wat dus aangegaan is om die nuwe stelsel te implementeer het duidelik vrugte afgewerp!

Uit die finansiële resultate blyk dit dat die Fonds goeie finansiële bestuur gedurende die jaar toegepas het, soos in die vorige paar jaar. Dit bly egter toenemend 'n uitdaging om met die fondse tot beskikking die doelwitte van die organisasie te bereik. In die huidige ekonomiese klimaat is daar baie druk op nie-winsgewende organisasies om skenkings te werf in 'n beperkte mark, en is CLF nie hiervan gevrywaar nie. Teen hierdie agtergrond is dit bemoedigend dat die Fonds in staat was om 'n beduidende bedrag aan skenkings te ontvang, alhoewel die teiken vir die jaar nie heeltemal bereik is nie.

Die beleggings van die Fonds word met groot omsigtigheid en bekwaamheid bestuur, met die bystand van kundiges, en ten spyte van stagnering van indekse op aandelebeurse, het die Fonds bevredigende groei op sy beleggings ontvang vir die jaar onder oorsig. Die beginsel van lopende saak is geëvalueer en die ouditeure is tevrede dat die Fonds as 'n lopende saak beskou word vir die afsienbare toekoms.

Die Christelike Lektuurfonds het, ooreenkomstig die aanbevelings van die King Komitee, goeie korporatiewe bestuur toegepas. Daar is 'n ouditkomitee wat 'n oorsigtelike rol speel oor die bestuur van die Fonds. Van die lede van hierdie komitee is onafhanklik en kundiges op die gebied. Die goeie oorsigtelike rol wat die ouditkomitee speel blyk ook duidelik uit die resultate wat in die finansiële state en die ouditverslag gereflekteer word. Daar is ook 'n langtermynvolhoubaarheidsmodel opgestel om die finansiële volhoubaarheid van die Fonds vir die volgende twintig jaar te verseker, met inagneming van die kapitaal tot beskikking, sowel as verwagte fondswerwingsinkomste.

Die ouditeure het hul tevredenheid uitgespreek oor die korrektheid van die teboekstelling van transaksies en verslagdoening van finansiële resultate, en gevolglik 'n gunstige ouditverslag uitgereik. Hulle het ook hul dankbaarheid uitgespreek vir die samewerking en bekwaamheid van die personeel van die Christelike Lektuurfonds tydens die uitvoering van hul oudit.

Gemeenskapsnuus
Community news

The Mosaic group included several CLF pamphlets in the goody bags each of their spinathon participants received during the fundraiser event they held on Mandela day. Mosaic envision a South Africa where every orphan and vulnerable child is loved and cared for within a family setup, with enough resources and opportunities to thrive.
Crystal Young (right) received the products from Berlise Louwrens.
It is CLF's mission to support your organisation with free literature, taking the Message of the Bible to all, and to help change the lives of people and children!

Mnr Pierre Maritz van Queenswood Pretoria bestel gereeld van ons pamflette om by geleenthede en uitreike uit te deel. Buiten hulle sopkombuis, deel hulle ook die pamflette by die treinstasie uit. Ons glo hierdie "ongewone sendelinge" vind hulle weg na mense wie God wil aanraak om hulle lewe te verander en Hom te leer ken.

Sowat 10 jaar gelede het 'n handjie vol vroue van die Newton gemeenskap in Wellington, besluit om Vrouedag na hulle te bring. Hulle het vroue in die gemeenskap na die kerk begin nooi wat nie deel van 'n vrouegroep of 'n damestee was nie. Vandag het hierdie Damestee groep gegroei tot 120 vroue! Beatie Rickers, een van die stigterslede van die groep het CLF genader om vir elke vrou met 'n geskenkpakkie te seën. In die foto neem Beatie ontvangs van hierdie 120 'geestelike kos'.